

Hoofstuk van die dag: Openbaring 10

> *Hy sê toe vir my: “Neem dit en eet dit op. Dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit so soet soos heuning wees.” (vers 9)*

Die klein boekrol in die magtige engel se hand is ’n opgesomde

weergawe van die boekrol wat die Lam van God in Op 6 uit die Vader se hand geneem het. Dit is dus God se beplanning, sy wil vir hierdie wêreld. Ons kan dit vergelyk met God se Woord wat ons vandag nog het. Dít is wat Johannes uit die engel se hand moes gaan haal. Johannes kon nie passief wees in die ontvangs daarvan nie. Hy moes dit by die engel vat. Dit is steeds waar vir ons omgang met God se Woord.

Toe Johannes dié boekrol eet (sy eie gemaak het) was dit soet in sy mond, soos heuning. Die Woord van God verbly ’n mens, voer jou mee, lig jou op. Maar wanneer jy dit oordink, diep daaroor peins en die implikasies daarvan verstaan, is dit nie altyd so maklik nie. Dit gee jou sooibrand. Menige prediker het al teruggedeins vir die implikasies van die Woord en om dit te verkondig.

Die Bybel is nou eenmaal nie ’n mak boek nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026